CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

Jaargang XXXVI | Nommer 14 | 7 Augustus 1981

# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
Bussie 13 Tel 25481 | Inligtingsburo 4267/8 | Studentesentrum 22112 x 570/1

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

## Hoogtepunte

**10 Augustus**

Kunsuitstalling: Frans du Toit
Potchefstroom Leeskring: Konservatorium leeskamer
Skemervonkel: Drama Departement

**11 Augustus**

Kunsuitstalling: Frans du Toit
Skemervonkel: Drama Departement
Interfakultêre lesings 10h05 — 11h30

**12 Augustus**

Kunsuitstalling: Frans du Toit
Skemervonkel: Drama Departement

**13 Augustus**

Kunsuitstalling: Frans du Toit
Skemervonkel: Drama Departement

**14 Augustus**

PU-Kaners: 20h00 in Ouditorium
Kunsuitstalling: Frans du Toit
Skemervonkel: Drama Departement

Admissiebondkamp

**15 Augustus**

PU-Kaners: 20h00 in Ouditorium.

## SSR-verkiesing

- Foto's vir verkiesingsbylaes: Alle kandidate vir die SSR- en Raadsverkiesings moet in die volgende tye by Die Wapadkantoor 'n foto laat neem: Dinsdag 11 tot Vrydag 14 Augustus tussen 13h00 en 14h00 en Maandag 17 Augustus van 11h00 tot 12h00.
- Nominasies sluit op Maandag 17 Augustus 12h00. Die appèlvergadering vind Dinsdag 18 Augustus plaas.
- Die verkiesingsuitgawe verskyn op Vrydag 21 Augustus.
- Die verkiesing vind plaas op Donderdag 27 Augustus.

## Nuuswenke

**Algemene Nuus:** Petro Malan, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Koshuis/Sosiaal:** Zelda Nel, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Sport:** Griet Gräbe.
**Kuns:** Johan Myburg, Tel 6668.
**Fotografie:** Lynn Pretorius, Tel 4278.
**Saktyd**
Maandag 13h00.

# Polstu kies Piet Fourie as leier


POLSTU het sy eerste nasionale konferensie die afgelope vakansie gehou. Ongeveer 150 kongresgangers het die geleentheid bygewoon.

Die konferensie is in 'n hotel in Pretoria gehou nadat dit op die Tukkiekampus verbied is.

Tydens die eerste twee dae van die konferensie is openbare besprekings gehou waar die praktiese toepassing van uitgangspunte in die Suid-Afrikaanse situasie bespreek is.

Verskeie sprekers het by die konferensie opgetree waaronder hoofminister Gatsha Buthelezi van Kwazulu en dr N Motlana, voorsitter van die Komitee van Tien in Soweto.

Pieter Fourie, 'n student aan die PU, is as nasionale voorsitter herkies.



● *Regs: Die laaste fase van die landskepverfraaiingsprojek is in volle swang — die gedeelte voor die hoofgebou.*

# ASB: Puk vs Tuks

— **Trudie Scholtz** —

**VERDEELDHEID onder kongresgangers was 'n opvallende kenmerk by die onlangse ASB-kongres wat op die RAU-kampus gehou is. Die afgevaardigdes van die verskillende universiteite was in twee duidelike kampe verdeel — die konserwatiewe groep teenoor die meer verligte groep.**

In die Aspurausie, 'n blad wat tydens die kongres uitgegee is, word die universiteite se deelname só opgesom in 'n spotprent: Puk: NEE! Tuks: JA! Kovsies: Weet nie. RAU: Weet nie.

'n Verdere kenmark van die kongres was die groot mate van blokstemmery wat tot frustrasie van baie kongresgangers gelei het. Die lede van 'n universiteitsafvaardiging het gewoonlik 'n mosie eenparig gesteun of verwerp. Gevolglik was daar van individuele denke weinig sprake. Waarnemers by die kongres het gesê hulle betreur die blokstemmery. Sommige het dit selfs as "lagwekkend" beskryf.

Polstu het reeds aan die begin van die kongres toe die ASB-president, mnr Nelus Niemandt, in sy jaarverslag dié organisasie skerp gekritiseer het. Hy het gesê Polstu "is uit 'n groep gefrustreerdes gestig wat nie hul mosies op die ASB-kongres aangeneem kon kry nie". Hy het Polstu ook van humanisme beskuldig en voorspel dat die organisasie nie ou bene sal maak nie.

Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter en stigterslid van Polstu, sê die ASB en Polstu het albei belangrike rolle om te vervul, maar op verskillende terreine. Hy sê die ASB moet Afrikaanse studente bymekaar hou ongeag hul politieke verskille.



● *Jan-Louis du Plooy, leier van die Pukafvaardiging na die ASB-kongres.*

Volgens Jan-Louis is studentepolitiek baie belangrik, al het die besluite wat geneem word, geen gevolg nie. 'n Student moet homself voorberei vir sy latere lewe en dit is op kongresse soos die van die ASB dat studente leer om hul sê te sê.

Die lede van die Puk-afvaardiging het lewendig aan die debatte deelgeneem en nie geskroom om hul menings te lug nie.

- Johan Lubbe van UOVS is as nuwe ASB-president verkies. André Bartlett van Tukkies is as onderpresident en Gerhard Beukes van UOVS, as addisionele lid verkies.
- Die Vaalriviertak het hulle ook by die ASB geaffilieer.

# Dames betroubaarder in bestuursposte

— **Petro Malan** —

**DIE Puk-dame onderskat haar vermoëns ten opsigte van leierskap. Dit is een van die vernaamste redes waarom in 1979 laas dames op die SSR was.**

Daar was tot in 1976 'n verskanste damespos op die SSR wat deur die voorsitter van Aster gevul is. Die pos is in 1977 opgehef omdat damesbelange moeilik onderskeibaar is van algemene studentebelange. Die Puk is een van die min universiteite wat nie 'n verskanste pos vir dames het nie. Dames word van 1977 af op grond van meriete verkies.

Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter, sê hy het ervaar dat dames oor die algemeen betroubaar in bestuursposte en in die studente lewe is. In sommige bestuursposte toon dames selfs meer inisiatief en betroubaarheid as sommige mans. Mansstudente het 'n groter vrymoedigheid om vir top leiersposte soos die SSR te staan. Hy sê dames het nog veel ingebore skugterheid en beskeidenheid. Dit is onregverdig om te sê Puk-dames het 'n gebrek aan leierseienskappe.

Jan-Louis voel dames moet meer betrokke raak by die aktiewe studentelewe. Hy sê dames se bywoning by aksies soos Studenteparlement is baie swak.

Sommige dames verwar die SSR met politiek. Jan-Louis sê hy beskou dit as 'n rookskerm en onderskatting van hulself.

Irma Janse van Rensenburg, 'n moontlike SSR-kandidaat, sê die dames op die SSR moet twee keer so goed wees as mans wat vir dieselfde posisie staan. Sy sê dames word eerder as sekretaresses verkies. Studente verwag nie dat dames die leiding sal neem nie en mans kan nie die leiding van dames aanvaar nie. Dames wat as leiers na vore kom, word as vegters vir vroueregte beskou. Baie dameleiers word hierdeur verloor. Sy sê bekendheid van dames is nie 'n vereiste vir die SSR nie.

Dames se prioriteite verander wanneer hulle sleep. Irma sê mans is besig met subtiele afpersing en vereis al die meisie se vrye tyd. Mans voel bedreig deur damesleiers. Sy sê dames moet hulle potensiaal vir leierskap uitleef.


Werner Eksteen, Politiese Raad-voorsitter, sê dames se prioriteite is anders. Hy sê dames dink hulle kan net sekretaresses word. Dames uit die rade, soos Koshuisraad, het 'n groter kans om op die studenteraad te kom. Hy sê dames is nie net leiers as hulle in die topposte staan nie. Dames kan as gevolg van 'n bepaalde studietydperk net tot op 'n sekere vlak in die hiërargie styg. Dit is vir mans met dieselfde studiekursus net so moeilik om op die SSR te kom.

Hesta van der Westhuizen sê die dames is onbetrokke. Damesleiers kan nie met leiers in die SSR meeding nie. Twee derdes van die huidige SSR is teologiese studente. Hulle is gemiddeld sewe jaar op die Puk en damesstudente vier jaar. Die situasie in die samelewing maak die vrou onderdanig. Dames dink hulle vroulikheid kom in die gedrang. Sy sê studente moet fakulteitsgewys genomineer word.

NB WHOLESALE SUPERAMA
Pietersenstraat, ● Indiërsentrum
● Potchefstroom — Tel: 4381

| | |
|---|---|
| Magic Cubes Large | R2,95 |
| Sharp EL208 Calculators | R5,99 |
| Casio FX602 Programmable Calculators | R125 |
| Casio 3 in 1 gift pack Watch, Calculator, Pen | R14,95 |
| Sharp PC1211 Basic Computer | R149 |
| Printer-interphase unit for PC124 | R124 |

# Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater




# Skrywerskring trek digters met LENS

**SKYWERINGSKRING se bundel LENS 81, word op Vrydag 7 Augustus, om 20h00 in die Studentesentrem bekendgestel. LENS 81 bestaan uit 35 verse en twee prosastukke van 18 studenteskrywers. Die redakteur van LENS 81 is Rudolph Willemse, bygestaan deur Johan Myburg, Nicolene Hanekom en Doen van Huizen. Die keuring van LENS 81 is behartig deur Jan Swanepoel en die voorblad is ontwerp deur Maryke de Beer.**

As geleentheidspreker sal optree P H Roodt, digter van die bundel "Forma", dosent aan die Universiteit van Pretoria en redaksionele medewerker van "Tydskrif vir Letterkunde". Mnr Roodt is die aanvanklike stigter van Skrywerskring. Hy sal die Skrywerskring toespreek oor "Die Jong Skrywer" terwyl prof T T Cloete die bekendstelling van LENS 81 sal behartig.

Verskeie ander skrywers waaronder die jong skooldogter Annesu de Vos, die ondervoorsitter van die Skrywersgilde Piet Haasbroek, asook dr W F van Rooyen en prof P W Buys sal die geleentheid bywoon.

Kaartjies vir die geleentheid is teen R2 by die Inligtingshokkie beskikbaar — ook vir lede van Skrywerskring terwyl LENS 81 tydens die geleentheid, maar ook vanaf Maandagoggend teen R2 per eksemplaar by die Inligtingshokkie verkoop sal word.

# Puk in Bosveldhotel



● *Sulette Thompson*

**SULETTE Thompson het onlangs die voorreg gehad om saam met bekende Afrikaanse akteurs in Die Bosveldhotel op te tree. Die Bosveldhotel is 'n vervolg op Die Bosveldwinkel wat verlede jaar op televisie vertoon is.**

Sulette is besig met haar nagraadse diploma in toneelkunsspel. Sy het verlede jaar haar graad aan die PU behaal. As deel van haar kursus het sy verlede jaar 'n onderhoud met die televisieregisseur, Fred Nel, gevoer. Hy het haar die rol van Coenie Senekal, 'n Johannesburgse meisie wat die lewe van die Bosvelders lelik omkrap aangebied. Sy is van die begin van Augustus op die skerm te sien.

Sy het ook "twee minute se ondervinding" opgedoen in Jan Scholtz se film, Gazette, waar sy slegs 'n paar woorde moes sê.

Sy sê dit was kosbare ondervinding wat 'n mens net in die praktyk kan opdoen. Sy vertel van 'n toneeltjie waarin 'n eier gebreek word. Drie dosyn eiers is egter gebreek voordat die regisseur besluit het om die toneel die volgende dag te skiet.

# *Alabama in Nico Malan*

**ALABAMA het gedurende die Julievankansie 'n baie geslaagde toer deur Wes-Transvaal, Noord-Kaap, Suidwes-Afrika en dele van die Kaap onderneem.**

Die toer het vanaf 24 Junie tot 27 Julie geduur.

In Suidwes het die geselskap in Keetmanshoop, Walvisbaai, Swakopmund en Gobabis en drie keer in Windhoek opgetree.

In die Kaap het Alabama in die Nico Malan-skouburg opgetree wat 'n mylpaal was. Alabama is die eerste amateurgroep wat nog in die Nico Malan opgetree het. Beide die Burger en die Cape Times het groot lof vir die optrede gehad.

Na optredes in die Paarl, Oudtshoorn, George, Uitenhage en Port Elizabeth, het die groep terug Johannesburg toe gevlieg vir televisieklankopnames. Die video-opnames sal vroeg in September gedoen word.

Die gebruiklike langspeelplaat van Alabama het reeds op die mark verskyn, en is by die Inligtingsburo in die Studentesentrum te koop.

Die toer van 1981 wat soveel vol sale getrek het, word aan die einde van September in Potchefstroom met 'n aantal optredes afgesluit.

## Matrieksertifikaat

**ANDRé Petrus Bezuidenhout, vermoedelik 'n tweedejaarstudent aan die Puk, word gevra om Joanie Swanepoel van Wag-'n-bietjie dringend te kontak. Sy is in besit van sy oorspronklike matrieksertifikaat, en vermoed dat hy dalk háre mag hê.**

**Die twee sertifikate het misplaas geraak toe Administrasie fotostate van 'n groep studente se dokumente gemaak het en die verkeerde sertifikate in die koeverte geplaas het.**

# *Dekorprobleme met "Sound of Music"*

**VERSKEIE probleme moes oorbrug word met die ontwerp en bou van die dekor van die musiekblyspel, The Sound of Music, wat die Departement Spraakleer en Drama van die Puk in Augustus en September aanbied.**

Die stuk het vyftien dekorwisselings in die vyf tonele waarin die verhaal van die Von Trapp-familie afspeel. Die hele stel moet vervoerbaar wees aangesien Sound of Music nie net in Potchefstroom nie, maar ook in Pretoria, Vereeniging, Sasolburg, Kroonstad en in Roodepoort aangebied word.

Mnr Joe Coetzee, dosent in dekorontwerp aan die Puk, wat die dekor vir Sound of Music ontwerp het, het vier modules geskep wat die vyf verskillende tonele kan uitbeeld. Die vier modules loop op 88 wiele en word gedraai om die toneel te verander.

Die gordyne word glad nie gesak vir dekorveranderings in die aanbieding van Sound of Music nie. Gevolglik moes die dekor só ontwerp word dat die spelers self die tonele verander as deel van die regie.

Twee skrynwerkers bou die dekor onder toesig van mnr Coetzee. Hulle is mnre Laurie Jacobs en Edgar Friedricksen. Die sweis van die ysterwerk word deur mnr Hannes van Zyl behartig. Mnr Coetzee verf die dekor en doen self die afronding.

Omdat die dekor in 'n vragmotor vervoer moet word, is die modules só ontwerp dat hulle uitmekaar gehaal kan word deur net 'n paar boute los te draai.

'n Ander probleem waarmee die dekorbouers te kampe het, is die feit dat die stelle gebou moet word in dieselfde lokaal (die Totiussaal) waarin die repetisies gehou word.

Dit beteken dat hulle die stelle letterlik in die nag moet bou. Die stelbouers kan die meeste werk net doen wanneer die repetisies afgehandel is. Baie repetisies word bedags gedoen omdat die kinders wat rolle vertolk nie tot laataand kan werk nie. Die stelbouers het al tot vier-uur in die oggend gewerk.

The Sound of Music open Vrydagaand 28 Augustus in die ouditorium van die Hennie Bingle-Studentesentrum in Potchefstroom en speel tot Woensdagaand 2 September.

Daarna volg opvoerings in: Roodepoort op 3, 4 en 5 September; Kroonstad op 7 September; Sasolburg op 8 en 9 September; Vereeniging op 10 en 11 September en Pretoria op 12 September.

## Besoeke aan Blyspele

**DIE Musiekvereniging reël drie uitstappies na die Staatsteater in Pretoria, waartydens musiekblyspele bygewoon sal word.**

Die drie blyspele wat bygewoon sal word is: Kismet, Joseph and his Amazing Technicolor Dreamcoat en Evita.

Die datums waarop die opvoerings bygewoon sal word, is soos volg: Kismet — 14 Augustus; Joseph and His Amazing Technicolor Dreamcoat — 29 September en Evita — 31 Oktober.

Die koste verbonde aan die reeks opvoerings is vyftien rand en ongeveer vyftien rand vervoerkoste. Die totale koste behoort dertig rand per persoon te beloop.

Reekskaartjies is by Annemarie van der Walt soggens by die konserwatorium beskikbaar. Smiddags en saans is dit beskikbaar by Tel nr 3455. Belangstellendes moet haar egter vóór 10 Augustus kontak.

CHECKERSSENTRUM, TEL. 24691
Debbies
Bring u die Ooste
ONS SPESIALISEER IN:
● Materiale
● Patrone
● Kramery
● Randpatrone

Girls
DISCOUNT FASHIONS
AANDAG STUDENTE!!!
Waar gaan julle vandag se jong modes kry vir gister se pryse??
NET BY ONS!

TEL: 21936
11 OWENS LANE
POTCHEFSTROOM
DIENS IS ONS TROTS
Boutique DRY CLEANERS DROOGSKOONMAKERS
Eien. Elmine Brits

# Toetsdatums bly steeds van krag

**DIE Sentrale Toets- en Esamenkomitee het besluit dat daar gehou word by die geskeduleerde toetsdatums vir die onderskeie klas- en roostergroepe.**

Geen ongeskeduleerde toetse, uitgesonderd onderrigtoetse, sal toegelaat word nie. Geen onderrigtoetse in teoretiese en praktiese kursusse mag afgeneem word binne drie weke voordat in die betrokke kursus 'n geskeduleerde semestertoets geskryf word nie. In die geval van geskeduleerde semestertoetse in teoretiese kursusse mag daar nie oor meer as 50 persent van die werk wat gedurende die tweede semester behandel is, geskryf word nie. Daar moet gehou word by die gees en letter van onderrigtoetse.



● *Lourens du Plessis skep asem op die graf wat hy besig is om skoon te maak by Laingsburg. Vier-en-dertig Pukke het die vakansie die vloedgeteisterde dorp help opruim.*

# Hulpprojek help by Laingsburg

**VIER-en-dertig Pukke het die vakansie gehelp om Laingsburg op te ruim. Dit is die eerste keer dat Hulpprojek so aan blankes hulp verleen.**

Omdat daar in Laingsburg nog nie weer gebou is nie, het die stadsklerk voorgestel dat die begraafplaas solank onder die slik uitgegrawe moes word. Binne vier dae is die hele begraafplaas skoongemaak en 1 200 kruiwaens slik uit die begraafplaas verwyder. Die hoofstraat is toe skoon gemaak en daarna is die N G Kerk binne en buite van slik bevry. Die laaste dag wat Hulpprojek in die dorp behulpsaam was, is daar begin om die Joodse begraafplaas onder die slik uit te grawe. Voordat die plek heeltemal skoon gemaak kon word, moes die Pukke huiswaarts keer.

Volgens Christo Swanepoel, was die mense van Laingsburg bietjie skepties oor die klomp studente wat daar gaan werk het, maar na 'n dag se werk het die houding heeltemal verdwyn en is dit vervang met verwondering. Selfs die televisie en die radio het dit goed gedink om die res van Suid-Afrika in te lig oor die Pukke wat gehelp het om Laingsburg weer op sy voete te kry.

# Legkaartbou lewer R500

**'n SPAN van nege Pukke het gedurende die vakansie gebou aan die wêreld se grootste legkaart.**

In 'n kompetisie wat CNA-sentrums vir agt Suid-Afrikaanse universiteite aangebied het, het die Pukke meer as hul deel bygedra deur derde te eindig. In die gegewe 24 uur boutyd kon hulle 3 041 van die 7 500 stukkies lê.

Wits kon 3 549 stukkies baasraak. Hulle het ook met die eerste prys weggestap wat beteken het dat hulle R2 000 tot hul beskikking het om aan die liefdadigheidsorganisasie van hul eie keuse te skenk.

Kovsies het tweede geëindig en hul prysgeld was R1 000. Wat moontlik vir die Puk-span die langste dag in hul lewens was, het wel die moeite geloon want hulle is ook nie met leë hande daar weg nie.

Onder leiding van hul twee "spanbestuurders", mnr Horst Butow en Jan-Louis du Plooy, het hul sweet beteken dat die Puk nou R500 vir liefdadigheidsdoeleindes het.

Die studente se prestasie word beter besef as in ag geneem word dat die oorsese waarnemers voorspel dat dit 'n span van tien mense 72 uur sal neem om die 7 500 stukke in te pas.

# *Gibbens môre tuis*

**GEORGE Gibbens, die eerstejaarstudent wat sy nek vroeër vanjaar in 'n ongeluk tydens oriëntering gebreek het, word môre uit die H F Verwoerd-hospitaal in Pretoria ontslaan.**

George is in Februarie vanjaar in die hospitaal opgeneem waar hy intensiewe behandeling ondergaan het. Hy het vir ses weke in traksie gelê. Daarna is fisioterapeutiese en arbeidsterapeutiese behandeling op hom toegepas.

George sien daarna uit om weer tuis te kan wees. Hy sal waarskynlik volgende jaar in die Regte studeer gan die Puk omdat dit prakties nie moontlik sal wees om sy ingenieurstudies voort te sit nie.

Die fonds wat aan die Puk gestig is om die mediese onkoste van George te betaal, staan reeds op R8 348,97. Die fonds is op aandrang van die Rektor begin en personeel en studente van die Puk het R5 348,97 bygedra. 'n Verdere R3 000 is deur die Alabama en SGD geskenk. Alabama se R1 500 is geskenk nadat 'n ekstra vertoning gehou is en die SGD het R1 500 uit die Karnavalfonds bygedra.

Die SSR het elke toergliggaam versoek om 'n deel van die inkomste van 'n vertoning waar daar 'n wins gemaak word, aan die George Gibbensfonds te skenk. Die Sportburo is ook versoek om 'n bykomende heffing tot die toegang vir die rugby tydens intervarsity te voeg. Die addisionele bedrag wat so ingesamel word, sal in die fonds gestort word.

# AWB boos

'n Persverklaring wat deur die Afrikaner-weerstandsbeweging uitgereik is, eis optrede teen die Witsies wat verantwoordelik was vir die skending van die nasionale vlag. Die persverklaring is aan Die Wapad gestuur in 'n koevert van die Noord-Transvaalse Rugby-Unie, wat óf 'n glips was óf baie eienaardig is.

Studente van die Universiteit van die Witwatersrand het tydens die Republiekfeesvierings vroeër vanjaar, in opstand gekom en die nasionale vlag verbrand. Die AWB betreur die feit dat die owerheid geen optrede beoog teen die skuldiges, ten spyte daarvan dat die name van die oortreders bekend is. Die verklaring lui verder dat die Regering kennis moet neem dat die volk sodanige optrede in die toekoms nie sal duld nie.

# Konsul besoek

**OP Vrydagaand 22 Mei het elf studente van die Puk die Amerikaanse konsulaat in Johannesburg op uitnodiging van die Amerikaanse konsul-generaal, mnr. George Trail besoek.**

Die doel van die besoek was hoofsaaklik om politieke gesprekke te voer met eenders- en andersdenkendes. Studente van Wits en skoliere van Soweto was ook die aand teenwoordig.


**LB SHOE CENTRE**
Winkels 6 en 7
Tel: 21541
Indiërsentrum
● Rekenings
— Maklik beskikbaar
— Minimum deposito
— Rentevry
● Spesiale afslag vir studente.



**ROLNEKTRUI TE KOOP**
Nuwe no 32 masjiengebreide naaswit sybokhaartrui met kabelmotief en pofmoue teen R26. Skakel Garner Müller by Heide Dameskoshuis.



**TIKWERK**
1½ spasiëring R0:90
Dubbelspasiëring R0:80
Ander lettertipes beskikbaar. Vertroud met studentetikwerk. IBM tikmasjien; golfbal en koolstoflint.
Skakel mev Van Huyssteen Tel: 4750



**JONGMENSE DINK VANDAG ANDERS OOR BANKE.**
**HIER'S 'N BANK WAT ANDERS DINK OOR JONGMENSE.**





Kom ons praat reguit. As nugtere bankmense wat maar altyd sekuriteitsbewus is, het ons vaagweg aan die jeug gedink as die leiers van môre.
Maar dit het verander.
Want die jeug het verander ... altans, die Suid-Afrikaanse jeug.
Ons jongmense het die uitdaging van 'n vyandige wêreld aanvaar en hulle is die mense wat op haas elke terrein die boonste sport bereik.
Op die sportveld, op akademiese gebied, die handel, in die vervaardigingswêreld, op landbougebied ... maar bowenal op die grens waar ons land en sy mense verdedig word.
Ons by Volkskas glo dat ons moet luister na die probleem van enige jongmens wat by ons instap.
Ons weet vandag se jeug is môre se leiers en ons wil ons deel doen om hulle daar te kry – kom bespreek u geldprobleme met ons.
BANK SUID-AFRIKAANS
Volkskas
(Geregistreerde Handelsbank)
KMP 5451/a/1

die WAPAD

## Leiers bring hul kant

In die vakansie het twee belangrike byeenkomste in die studentepolitiek plaasgevind.

Die ASB-kongres is gekenmerk deur hewige debattering van links en regs (met veral die PU en UP onderskeidelik aan die voorpunte) wat nie juis op iets noemenswaardigs uitgeloop het nie. Die Polstu-konferensie het gesorg vir waardevolle insette uit die politieke en ekonomiese sektore.

Wat vir ons egter belangriker is as die sukses (of gebrek daaraan) van die byeenkomste, is die Puk se deelname daaraan. By die ASB-kongres is die Puk se debattering gekenmerk deur duidelike standpuntinname, en hulle het ook gesorg vir die mees noemenswaardige mosies. Van dieselfde kampusleiers was ook aktief op die Polstu-konferensie en die herverkose nasionale voorsitter is 'n Puk.

Dit is, met uitsonderings, dieselfde groep kampusleiers wat verlede jaar deur 'n opgesweepte massa oor die vingers getik is oor hul (verligte) optrede by die vorige ASB-kongres en stigting van Polstu. Die ontevredenes en hul leiers, wat so sterk gevoel het oor hul (konserwatiewe) saakstelling by die kongres, het toe nie soos algemeen verwag is in hul hordes by die byeenkomste opgedaag nie, maar intussen in die niet verdwyn.

## Dames onbelangstellend

Die SSR-verkiesing lê om die draai. Om goeie leierskap in die volgende termyn te verseker moet soveel kandidate as moontlik oorreed word om te staan. Hoe groter die keuse, hoe beter die leierskorps.

Veral die dames moet sorg dat daar vanjaar 'n hele paar kandidate uit hul geledere staan om te voorkom dat die SSR weer net uit mans bestaan.

As die dames nou werklik nie belangstel in hul eie belange nie, sal die SSR maar weer moet sorg dat 'n pos in die SSR vir 'n dame verskans word sodat hulle darem inspraak kan hê in sake wat hulle raak. As hulle nou nog nie vir hulself kan sorg nie, moet die mans dit maar weer doen!

**HOOFREDAKTEUR:** Izak Minnaar, Oude Molen no. 108, Molenstraat. Tel. 2-1576. **NUUSREDAKTEUR:** Hansie Vermeulen, Makouvlei. Tel 2-2229. **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Johan Myburg. Tel. 25481.
**Boodskappe** kan in bussie 13 by die Inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.
Tye: **Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00**
**Dins tot Don 13h30 — 16h30**

### Hebreërs 12 : 1 en 2

**Die einde van die jaar is in sig. Almal begin rondhardloop om daardie laaste aantekeninge gereed te kry. Dit voel asof jy in 'n wedloop hardloop met die einde van die jaar as wenpaal.**


Vir die Christen is hierdie mikpunt nie die een en die al nie, maar slegs 'n hindernis op die pad. Want die lewe van elke Christen is 'n geloofswedloop vol stryd, nie 'n maklike taak nie. Elke faset van sy lewe word daarby betrek sy koshuislewe, klasdraf en selfs sy partytjies.

Hoe moet 'n mens jou daarvoor voorberei? Hebreërs 12:1 sê jy moet elke las aflê. Net soos 'n atleet nie met 'n Voortrekkerrok sal hardloop nie omdat dit hom sal hinder, so moet jy ook alles wat jou in jou wedloop sal hinder, aflê. Daardie onnodige dinge wat keer dat jy nie voluit kan hardloop nie , moet weg. Saam met die onnodige bagasie moet die sonde wat jou gedurig omring ook afgelê word. Sonde is nie die hindernisse op die baan nie, die sonde is daardie oortollige gewig wat jou keer om oor die hindernis te kom.

Daar is ook 'n sekere manier waarop die gelowige moet hardloop. Hy moet hardloop met sy oog gevestig op Jesus. Sy fokus moet op Hom wees. Dan sal die ander dinge uit fokus raak soos die skare agter 'n voetbalspeler uit fokus raak as hy op die veld afgeneem word. Net soos 'n atleet alles vergeet as hy sy oog op die wenpaal hou, so moet ons hardloop.

Hoe sal ons universiteit en sy studenteorganisasies nie verander as ons só hardloop nie? Met ons oë op Hom gevestig sal al die ander sogenaamde belangrike dinge minder belangrik wees.

**Hendrik Olivier**




# Onderwyskollegestudente maak beswaar teen mosie

**'n GROEP onderwyskollegestudente het tydens die ASB-kongres beswaar gemaak teen 'n mosie wat gedurende die kongres aanvaar is. Die mosie is deur Willem Fourie en Eugene Gunning van die Puk voorgestel en het die meeste bespreking uitgelok, veral van die kant van die onderwysstudente.**

Teen die agtergrond van die kritieke personeeltekort wat in die staatsdiens ontstaan het, het die ASB verklaar dat waar nodig van anderskleuriges gebruik gemaak sal word om die vakante poste te vul. Die regering word versoek om ondersoek in te stel na 'n metode waarvolgens die staatsdiens beter sal kan beding met die privaatsektor en die arbeidsmark.

Willem Fourie het die mosie op die kongres gemotiveer. Hy sê volgens statistiek van die blanke bevolkingsaanwas, is dit onmoontlik om in die toekoms net van blankes in die staatsdien gebruik te maak. Anderskleuriges moet noodwendig gebruik word om die poste te vul.

Willem sê die protes is teen die wese van die mosie. Die mosie handel oor die staatsdiens en onderwys is slegs 'n klein deel van die staatsdiens. Hy sê swart onderwys is ook 'n deel van die staatsdiens en Blankes voed Swart kinders op. Swartes kan hul tale beter aan kinders doseer as wittes. Hy sê sillabusse bepaal die wetenskaplike kennis wat aan kinders oorgedra word.

Eugene Gunning sê hy betreur die feit dat anderskleuriges 'n onderwyskleur aan die mosie gegee het. Hy sê onderwys is 'n klein afdeling van die staatsdiens. Daar moet in die kritieke tekort van anderskleuriges gebruik gemaak word, eerder as wat daar niemand is om die werk te doen nie. Hy sê vergoeding is 'n belangrike faktor in die personeeltekort. Dit is 'n werklikheid dat daar van anderskleuriges gebruik gemaak word in die samelewing. Daar is mense in regsgeledere wat sê die witman word bedreig in die staatsdiens. Hy sê dit dra nie gewig nie. Die anderskleuriges is 'n realiteit in die Suid-Afrikaanse samelewing, en moet geïnkorporeer word by instansies soos die staatsdiens.

Jan—Louis du Plooy, SSR-voorsitter, sê mense met dieselfde kultuur moet vir mekaar onderwys gee. Hy sê kultuur en opvoeding staan naby mekaar en 'n Christelike opvoeding is belangrik. 'n Christelike opvoeding en onderwys staan naby mekaar. Keuring van onderwysers moet daarom streng wees.

Die kern van die mosie is nie dat anderskleuriges vir blankes moet skool hou nie, maar dat anderskleuriges in diens geneem word, waar die tekort in die staatsdiens onuithoubaar geword het.

Hy sê die beswaar teen die mosie op die kongres is radikaal van aard. Dit sal daarop neerkom dat anderskleurige bodes en skoonmakers nie in die staatsdiens kan werk nie, wat volgens hom absurd is. Verder kan dit nie die inkonsekwentheid verklaar waarom blankes vir anderskleuriges kan onderwys gee nie. By taalvakke soos Zoeloe kan onderwysers van ander volksgroepe gebruik word vir doeltreffende taalonderrig.

## Mosies op ASB-kongres

**DIE volgende mosies is op die ASB-kongres, wat van 13 tot 16 Julie gehou is, aanvaar:**

- Die ASB het hom ten gunste van 'n derdevlakregering vir alle woongebiede binne die RSA uitgespreek;
- Die ASB stel hom ten doel om met buitelandse studente en studenteorganisasies te skakel. Die ideaal van 'n internasionale studenteorganisasie word voorgehou;
- Die ASB distansieer hom van die bedrywighede van die AWB;
- Weens die kritieke personeeltekort in die Staatsdiens moet anderskleuriges aangestel word om die vakante poste te vul;
- Die ASB het hom ten gunste van 'n vryemarkstelsel wat vry van statutêre rassediskriminasie moet wees uitgespreek. Elke mens moet op grond van die kwantiteit en kwaliteit van sy arbeid beoordeel word;
- Die ASB verklaar dat die televisiediens nie inligting op 'n party-politieke wyse moet aanbied nie. Die beeldsaai van politieke debatte tussen lede van verskillende politieke partye word bepleit;
- Die ASB keur magsdevolusie goed waar Blankes effektiewe kontrolerende mag oor eie belange behou, Asiërs en Kleurlinge effektiewe kontrolerende mag oor eie belang verkry en afsonderlike bevolkingsgroepe oor gemeenskaplike sake gelykwaardige bedingingsmag het;
- Die ASB aanvaar as 'n resultaat van 'n nuwe konstitusionele bedeling wat gelyke Suid-Afrikaanse burgerskap vir Blankes, Kleurlinge en Asiate inhou, daar verpligte militêre diensplig ingestel word vir Kleurling- en Indiërmans. Die ASB aanvaar ook dat alle ander verpligtinge en voorregte jeens die staat alle Suid-Afrikaanse burgers toekom.

STUDENTEBURO

# 'n Helpende hand

DIE deur wat die Universiteit oopmaak na sy studente om hulle gelukkig en tevrede te hou, is die Studenteburo. Dikwels soek 'n student advies, inligting en leiding, maar hy weet nie waar om dit te kry nie — so 'n persoon kan gerus by die Studenteburo op die grondvloer van die nuwe Administrasiegebou aanklop.

Die Buro is fisies so geplaas dat dit vir die studente maklik bereikbaar is. Wie by die westelike ingang van die nuwe Administrasiegebou inkom, draai regs in die gang en kom dan by die deure van die Buro in. Die sekretaresse, mev. S. Yssel, sal die student ontvang en na die regte persoon verwys. Die Direkteur hanteer alle aspekte in verband met die georganiseerde studentelewe en is die Rektor se persoonlike verteenwoordiger ten opsigte van die studentelewe. Hy verskaf ook advies van persoonlike aard soos in verband met aanpassingsprobleme, verhoudingsprobleme, ens. Studente wat van gespesialiseerde adviseurs gebruik wil maak soos bv. predikante of personeel van die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste ens. word verwys en begelei na die betrokke persone.

Die Direkteur het namens die studente inspraak by onder andere die Senaat van die Universiteit, en ander beleidskommissies. Daarom sal baie noue kontak gehou moet word met die studente en gereeld met studenteleiers beraadslaag word. Gesonde skakeling tussen die studentekomponent en ander lede van die Universiteitsgesin moet hierdeur bevorder word.

Die Direkteur staan aan die spits van die vormingsaktiwiteite van die studente. Advies oor opleidingsmetodes en praktiese hulp aan studentegroepe wat opleiding verlang, is tot hulle beskikking. Die Universiteit volg 'n offensief ten opsigte van sy Christelike karakter en die Direkteur moet as mede-professor in die Departement Wetenskapsleer die Christelike wetenskap en Christelike lewensstyl in studentelewe ineen laat smelt.

Studente is meer as welkom om die geleentheid tot skakeling te benut.

**Ben de Klerk, Direkteur Studenteburo.**

# ATKB se redenaarwedstryd


**DIE ATKB reël vanjaar weer 'n inter-universitêre redenaarskompetisie. Die kompetisie word op 5 September 1981 in Pretoria gehou.**

Die Puk is uitgenooi om vier verteenwoordigers na die kompetisie te stuur. Twee deelnemers, Werner Eksteen en Hesta van der Westhuisen, het reeds ingeskryf.

Die kompetisie behels 'n onvoorbereide toespraak van twee minute en 'n voorbereide toespraak van ses tot tien minute lank. Die voorbereide toespraak het geen spesifieke tema nie. Die deelnemers kies 'n eie onderwerp vir bespreking.

Daar is geldpryse te wen. Die eerste prys is R100 en 'n wisselbeker.

Irma Janse van Rensburg, die voorsitster van Akademiese Raad het die kompetisie verlede jaar gewen.



*● Geen besparingsveldtog kan sonder opofferings geskied nie, en hierdie sithoekie naby die Studentesentrum is 'n goeie voorbeeld van die ongerief wat die studente soms moet verduur ten einde 'n rand of twee te spaar. Die sitplek lyk maar skraps, en die afdak keer nie eens die ergste sonstrale af nie, maar studente wat ná sononder met hul eie planke hier opdaag, behoort dit 'n rustige sleephoekie te vind.*

# Regstelling



*● Hierdie foto is net na Intervarsity in Die Wapad geplaas. Die name van die persone is aangedui as Francois Potgieter en Casper Troskie. Die regterkantste persoon is egter Okkie Pretorius van Pretoria. Die Wapad maak verskoning vir enige ongerief wat hierdeur veroorsaak is.*

# Nuwe koshuise soek nog naam

**DIE grys reuse wat die afgelope paar maande op die kampus verrys het en nog algemeen bekend staan as die "Dampadkoshuise", sal vanaf 1982 gereed vir inwoning wees.**

Een van die koshuise sal hoofsaaklik deur Kloosterinwoners beset word met prof. J. C. Geertsema as huisvader. Die tweede koshuis gooi sy deure oop vir seniors uit alle bestaande manskoshuise. Die 99 enkelkamers wat hoofsaaklik noord of noordoos front, word vir seniors gereserveer en die huisvader is prof. Ben de Klerk.

Aansoekvorms vir laasgenoemde koshuis is beskikbaar by die StudentebuVro in die nuwe administrasiegebou.

Geskikte name moet nog vir hierdie twee koshuise gegee word. Studente en oudstudente wat voorstelle het, kan dit aan die Registrateur voorlê om in aanmerking te kom vir die prysgeld van R100. 'n Vereiste is dat die name 'n sentrale tema moet hê.

# Verkiesing op hande

**Studente word versoek om kandidate vir die komende SSR-verkiesing vroegtydig te nomineer. Nominasies sluit op Maandag 17 Augustus om 12h00.**

'n Kandidaat moet op die bestuur van 'n komitee of vereniging dien alvorens hy/sy genomineer kan word.

Alle genomineerdes word versoek om foto's by Die Wapad-kantoor te laat neem vir die verkiesingsuitgawe van Die Wapad. Slegs foto's wat deur Die Wapad geneem is, sal aanvaar word. Foto's kan die week voor nominasiedag elke dag tussen 13h00 en 14h00, en op nominasie-dag tussen 11h00 en 12h00 in Die Wapadkantoor laat neem word.

Nominasievorms is by die SSR-kantoor verkrygbaar.

# *Vaalpukke kry ook ingenieurs*

**Die Fakulteit Ingenieurswese begin reeds in 1982 funksioneer. Metallurgiese en meganiese ingenieurswese gaan moontlik aanstaande jaar tot op derdejaarsvlak aangebied word. Aansoeke van eerstejaarstudente word reeds ingewag.**

Die departemente Chemiese en Elektrotegniese Ingenieurswese is op die Puk-kampus gehuisves en die twee nuwe departemente, Metallurgiese en Meganiese Ingenieurswese, gaan op die Vaalrivier kampus gevestig word. Die beplanning van die geboue en geriewe vir die nuwe departement geniet nou aandag.

Die Universiteitsraad het die Direkteur Kampusdienste, mnr Simon Geertsema, as projekleier vir die vestiging van die nuwe fakulteit benoem.

# Grensbesoek 'n belewenis

**"DIT is vir my aangenaam om u mee te deel dat u namens die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag genooi is om die Suidwes-Afrika Operasionele gebied te besoek".**

Toe twaalf gelukkige Pukdames elk 'n soortgelyke brief van kol. Piet van der Walt ontvang, sou nie een van ons weet hóé gelukkig en bevoorreg ons is nie. Die nodige opgewondenheid oor die voorgenome grensbesoek was wél daar, maar wat ons daar in die noorde beleef het, het ons hoogste verwagtinge ver oortref. Ons groep het bestaan uit Magdel van der Walt (Dinki), Annie Bodenstein (Karlien), Marietjie Coetzee (Karlien), Annamarie Malan (Heide), Elsie Yssel (Oosterhof), Trudie Scholtz (Vergeet-My-Nie), Estie Bekker (Oosterhof), Louise Venter (Klawerhof), Ronel Myburgh (Karlien), Martha D'Assonville (Vergeet-My-Nie), Irma Jansen van Rensburg (Dinki) en Hendrika Coetzee (Oosterhof).

Gewapen teen die Hoëveldse koue in dik jasse en wolserpe het ons die Donderdagoggend by Lugmagbasis Waterkloof aangekom. Natuurlik was die Pukke die enigste groep wat bety'ds was. (Daar was twaalf Raukies en 20 Tukkies ook). Kol. Piet het mos gesê stiptelikheid is 'n streng "army-reël."

**TWAALF Puk-dames het van 25 tot 27 Junie die operasionele gebied besoek op uitnodiging van die Suid-Afrikaanse Weermag. Trudie Scholtz, verslaggewer van Die Wapad, gee haar indrukke van die besoek.**

Die gasvrou van die toergroep was mev. Ristie Viljoen, vrou van genl. Constand Viljoen (hoof van die SA Weermag). Kol. Frik van Oudtshoorn het as begeleidende offisier opgetree.

**OSHAKATI**

Ná 'n drie uurlange vlug in 'n Hercules 160 van die SA Weermag het ons op Oshakati in Ovambo aangekom. Van die dames was maar bleek om die kiewe, want ons het 'n tollende duiklanding beleef. Dít is aan ons verduidelik, is noodsaaklik om nie afgeskiet te word nie.

'n Dorre, uitgestrekte en wárm landskap het ons begroet. Van die jasse is vinnig ontslae geraak.

Ná 'n baie deeglike lesing het ons alles van Oshakati geweet wat die moeite werd is om te weet. Selfs 'n wapenuitstalling kon besigtig word bestaande uit landmyne, gewere, voertuie, ammunisie en 'n soldaat wat gereed is om op patrollie te gaan! Die Oshakati-hospitaal het ook aan die beurt gekom. Onnodig om te sê dat menige soldaat sommer perdfris gevoel het nadat 44 dames deur die hospitaal geloop het!

**RUNDU**

Ons volgende bestemming — Rundu in Kavango — verskil heeltemal van die dorre Ovambo. Rundu is 'n groen, beboste en rustige gebied. Die besigtiging van die mortierstellings en veral die besoek aan die Swart Bataljon was 'n belewenis. 'n Swartkoor het die toergroep op eg tradisionele wyse toegesing — dié Suidweslied het nog nooit só mooi geklink nie!

**OMEGA**

Nadat kol. Van Oudtshoorn ons behoorlik met sy geweer moes aanjaag, is die reis na Omega aangepak. By Omega (wat hoofsaaklik 'n Boesmanbasis is) is ons sonder seremonie agter op twee vragmotors gelaai en het ons in 'n konvooi na die basis vertrek. Terwyl die natuurskoon nog bewonder is en kameras aanhoudend kliek, het die voorste voertuig skielik 'n landmyn afgetrap. Geweerskote het rondom ons losgetrek en mortierskote het die aarde geruk. Die meisies het soos een man platgeval — behalwe dié wat te verdwaas was om te roer! Na 'n rukkie het 'n paar dames (taamlik rooi in die gesig, maar darem baie verlig) orent gesukkel. Dit was toe net 'n skynaanval! Die hoogtepunt was ongetwyfeld toe die dames ná die "geveg" self met 'n R1-geweer kon skiet. Dit was lékkerrr!

Ons het ook kennis gemaak met die klein boesmanmensies. Een veteraan het selfs met 'n pyl en boog gewys hoe lyk 'n Boesman as hy "bokkoors" kry!

**KATIMA MULILO**

Katima Mulilo in die Caprivistrook was die laaste besoekpunt. Daar het ons die voorreg gehad om op Buffelvoertuie te ry. Ook die Zambesirivier is per boot aangedurf. 'n Skietdemonstrasie deur "Elande" en 'n kanon is gehou.

Dinge waarvan ons nog net gehoor het, het skielik werklikheid geword. Om 'n bomskuiling te sien, om 'n parade by te woon, om snags met geweerskote in jou ore aan die slaap te raak — dis 'n belewenis!

Die gasvryheid en vriendelikheid waarmee ons deurentyd behandel is, het die dames se harte sommer warm vir die "army" laat klop. Maar . . . die tyd het te vinnig verbygegaan. Ons moes teruggaan "states" toe. Vir die manne op die grens kan ons net sê: "We salute you . . ."

# Tema: terreur

**TERRORISME, die strydmetode van ons tyd, is vanjaar die tema van die jaarlikse simposium van die Sentrum vir Internasionale Politiek wat op Vrydag 21 Augustus om 9h00 in die Sinodesaal van die Gereformeerde Kerk gehou word.**


Die referente is genl. C. L. Viljoen, Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, mnr H. R. Lass, voormalige personeellid van die Sentrum en deskundige op die gebied van strategiese aangeleenthede, genl.-maj. P. J. Coetzee, hoof van die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie, en mnr Michael Morris, direkteur van die Navorsingsentrum oor Terrorisme.

Die onderwerp is terrorisme binne die breër verband van rewolusionêre oorlogvoering, stedelike terrorisme, terrorisme in Suidelike Afrika en ons antwoord en optrede daarop.


**Bult Droogskoonmakers**
(Uitsig Arkade verby Volkskas)
Toon afslagkaart en ontvang afslag

**Jay's Uitrusters**
Nuwe voorrade (pas ontvang).
*Hang Ten*
*Tractor stewels*
*Denims*
*Koordferweel*
Beste pryse in die dorp!
Winkel 4, Indiërsentrum, Tel: 8791

**ALLETZ JUWELIERS**
Fabriekspryse op
**diamante en handgemaakte juweliersware**
● Ontwerp u eie verloof- en trouring
● Waardasiesertifikaat met elke diamant
● 15 jaar ondervinding as diamantslyper
Al my diamante is noukeurig uitgesoek en dus 'n belegging. Doen uself 'n guns en kom vergelyk pryse.
Kerkstraat 195 (Langs Russell's; Eerste Vloer),
Tel: 3322 of 23650 — 24 uur diens.

KIES JOU BANK VERSIGTIG.

DIT KAN DIE LANGSTE VERHOUDING VAN JOU LEWE WORD.
Kom gesels met Volkskas. Ons ken jongmense al baie lank – so lank dat ons nie net weet wat julle vandag wil hê nie, maar ook wat julle oor 'n paar jaar sal nodig hê. Ons behandel platsak studente soos groot kliënte. Want oor 'n jaar of twee is dit presies wat julle gaan wees.
Volkskas
(Geregistreerde Handelsbank)
KMP 8155/a




**Bussie 13 Studenteraad**

**DIE lengte van briewe word beperk tot 'n maksimum van 400 woorde.**

# Huwelik reg, IW moet weg

**Meneer**

WAT my geprikkel het om dié brief te skryf was 'n artikel van Dr. D.A. du Toit wat opgeneem is in Visie en Wetenskap deur prof. B.J. van der Walt.

Die artikel handel oor die huwelik en ek haal Dr. du Toit aan: "Wat die huwelik betref, ~~moet dit~~ daartoe lei dat die kerk miskien vir die eerste maal volledig erns gaan maak met die huweliksvoorbereiding van elke paartjie wat hy in die huwelik bevestig. As alles in ag geneem word, naamlik die erns van die huwelik, die noodsaak van deeglike voorligting in verband met die seksuele, gesinslewe, maatskaplike funksionering daarvan ens., kan alleen 'n volledige kursus van etlike maande (indien op een of twee uur per week gereken word) as genoegsame voorbereiding gesien word. Navorsing van etlike jare het my ondubbelsinnig hiervan oortuig".

Nou wil ek Wetenskapsleer betrek. Kan Wetenskapsleer A en B nie vervang word deur Huweliksvoorbereiding A en B nie? Hoeveel waarde het Wetenskapsleer op die oomblik aan die PU vir CHO? Is dit heeltemal vergesog as ek sê dit is 'n klug? Ek dink dit is maklik die ongewildste vak op die PU. En as dit nie 'n "understatement" is nie was daar nog nooit een nie!

Wat beteken Wetenskapsleer op die oomblik vir ons? Berei dit ons konstruktief voor vir wat op ons wag as ons klaar gestudeer het? My persoonlike filosofie is om die onaangenaamheid so gou as moontlik agter die rug te kry en ek is seker 'n paar ander Pukke deel die siening met my.

Sal die universiteit nie 'n groter bydrae lewer tot sy studente se opvoeding as hy die vak Huweliksvoorbereiding instel nie? Veral in Suid-Afrika met sy ontstellende hoë egskeidingsyfer. Dr. du Toit sê dat sommige bronne verklaar dat soveel as een uit elke drie huwelike in Suid-Afrika tans in die egskeidingshof beland.

Laat ons hoor wat die Pukke dink van die idee en as julle reken dit is die moeite werd kan ons mos iets doen daaromtrent!

**C.F. Schoeman**

# *Dirigent besmeer Puk se naam . . .*

**Meneer**

EK skryf in reaksie op die brief van DJ Kriel in Die Wapad van 15 Mei. In die eerste plek wil ek ons SSR gelukwens met die feit dat hulle mnr Kriel voor 'n tugkomitee geroep het. Hy verdien dit met sy swak gedrag tydens intervarsity.

Tweedens wil ek vir mnr Kriel sê dat hy beslis nie net vir 'n sekond tussen die trompoppies kon lê nie. Hy het die Puk se naam swart gesmeer, want net die swak tipes en beskonke mense het dit as 'n grap beskou. Hoekom kan hy nie soos Spies met gesonde grappe die toeskouers vermaak nie — meer het in elk geval vir Spies gelag.

In die derde plek toon mnr Kriel net dat hy 'n skuldige gewete het deur die SSR van swak gedrag te beskuldig. Ek betwyfel dit of die SSR hulle so sal gedra dat dit tot oneer van die Puk sal strek. Indien hulle hulle wel afgesonder het by die onthaal, moes daar 'n rede voor gewees het.

Ek wil net vir mnr Kriel sê dat hy homself net bespotlik gemaak het deur so te reageer in Die Wapad.

**Volbloed Puk**

# *. . . Dawie sê 'skuus*

**Meneer**

HIERMEE vra ek verskoning vir my gedrag gedurende die Intervarsity. As van die mense voel dat die Puk se beeld daardeur skade aangedoen is, dan is ek jammer daaroor, maar dit was geensins my bedoeling nie.

Ten opsige van my opmerkings oor die gedrag van die SSR by die onthaal na die Intervarsity, wil ek dit graag stel dat my opmerkings beïnvloed is deur aanvalle wat op my gedrag gemaak is.

Hiermee vertrou ek dat die hele saak reggestel en afgehandel is, en dat die Pukke dit so sal aanvaar as iets van die verlede.

**Dawie Kriel**

# Leiers hou Puk se naam hoog

**Meneer**

NA aanleiding van die ontwikkelinge in die studentepolitiek die afgelope twee jaar en die Puk se betrokkenheid daarby, wil ek graag die volgende opmerkings maak:

Verlede jaar na die stigting van Polstu en na daar uitsprake op die ASB-kongres gemaak is, is ons studenteleiers deur 'n groot deel van die Pukstudentegemeenskap heftig aangeval oor hulle optrede.

Tydens verlede jaar se veelbesproke massavergadering op die Puk het 'n oorgrote deel van die teenwoordiges hulle gedistansieer van standpunte wat op die ASB-kongres ingeneem is, sonder dat bespreking toegelaat is — onder leiding van sekere selfaangestelde segsmanne van die massavergadering.

Tydens vanjaar se ASB-kongres in Johannesburg was nie een van die "segsmanne" van die massavergadering van Augustus 1980 teenwoordig nie; ook nie een van die mense wat van (dames) koshuis tot (dames-) koshuis gegaan het en emosies teen ons studenteleiers wakkergemaak het nie. Die ope geleentheid vir alle Afrikaanse studente is dus nie deur verlede jaar se beswaarmakers benut om hulle standpunt te stel nie.

Daarenteen kon ek as waarnemer van die ASB-kongres van vanjaar sien hoedat die Puk-afvaardiging (waarvan 'n groot deel SSR-lede was) as geheel met groter vrymoedigheid as enige ander kampus aan die debat deelgeneem het.

Op grond van hierdie feite kan 'n mens kwalik ander afleidings maak as die volgende: dat ons studenteleiers nog steeds hulle deel bring om die Puk op die kaart te hou t.o.v. die studentepolitiek.

Die beswaarmakers van verlede jaàr het op die golf van ander mense se ongewildheid gery (en aangejaag) om hulle eie standpunt te probeer bevoordeel.

Die Pukgemeenskap sal in die toekoms dieper moet nadink as verlede jaar voordat hulle toelaat dat hulle op hol gejaag word deur mense en standpunte wat nie eers die toets van die tyd (die massavergadering Aug. 1980 tot die ASB-kongres 1981) kon deurstaan nie.

**Dink weer!**

# Pukke moet veg vir CHO

**Meneer**

DIT is 'n ding wat my pla. Hier is baie studente op ons kampus, maar hoeveel van hulle is werklik Pukke?

Hier is baie groepe, elkeen met sy eie tiperingsnorme. Eerste die drinkebroers (en susters). Moenie vir my sê jy drink min, of net af en toe nie, want 'n grootmens wat die lewe doelgerig aanpak en met trots 'n CHO-wapen op sy baadjiesak dra, het nie nodig om na 'n bottel te gryp as hy dit opdraande kry nie. Geen oortuigde dienaar van God hoef sy vrese en mislukkings met alkohol te verdoof nie, nog minder sal hy in vreugde sy weg na 'n drankafgod wend.

Dan is daar die groep met losse sedes. Gewoonlik val die mans ook onder bogenoemde groep en diesulke dames word heel gou aan hul kleredrag — of gebrek daaraan — uitgeken.

Veel eerder bewonder ek die jongmens wat homself kan beheer en sy begeertes suiwer kan hou. Paulus sê in sy brief aan die Korinthiërs dat ons moet vlug vir die hoerery.

Hoe kan jy Vrydag- en Saterdagaande met jou ('n) meisie in 'n toegewasemde kar langs die rivier deurbring en Sondagoggend met 'n vroom gesig in die kerk sit, sonder dat die vorige aand(e) se vergryp aan hartstog jou pla?

Ag, so is daar nog baie: Dié wat hier is omdat dit die naaste universiteit aan die huis is, maar wat nie veel omgee om Sinode-besluite teen dans te minag nie; dié wat altyd teen die SSR, die rektor, die staat en selfs die kerk rebelleer omdat, so sê hulle, hierdie persone en liggame die vryheid van die individu aan bande wil lê. Iemand het eenmaal in dié verband gesê: "Onthou dat julle vryheid, wanneer dit sy kettings verloor, net self maar weer die ketting vorm van 'n nog groter vryheid".

Vir al hierdie mense is ek baie jammer. Hoe leeg moet hul lewens nie wees, en watter geweldige rykdom gee hulle nie prys nie. In hul dorstige haas om die lewe te vind en vas te gryp, draai hulle self die rug op die enigste Lewende Water.

Voordat ek 'n storm ontketen onder die werklike Pukke wat nog oorbly, moet ek dit eers duidelik stel dat bogenoemde aantygings nie vir julle bedoel is nie. Ek pleit egter wel dat julle van hierdie dinge bewus moet word. Beveg dit met alles wat julle het, sodat ons die CHO in ons naam kan behou. Sodat dit sinvol mag bly ook vir dié wat na ons kom.

Vir julle — die werklike Pukke, wil ek elkeen sê: Dra jou kleurbaadjie met trots, omdat jy 'n gelowige, arbeidsame en dienende Puk is. Wakker die mense in jou vereniging aan, help vorm aan die leiers van môre en jy mag dalk net vind dat jy self as een van vandag se leiers beskou word. Kom ons dra weer die PU vir CHO se roem uit onder ons volk, sodat die sewearmige kandelaar weer 'n ereteken word, sodat daar geen vingers meer na ons gewys kan word nie.

Slegs ons — ek en jy, kan die huigelary onder ons uit verwyder, en vir dié wat dan nie meer tuis voel nie — onthou, daar is baie ander universiteite, maar dit is slegs ons wat bekend staan as die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys!

Dus — Ruk jou reg óf pak op en loop!

**Jaco**

● *Gedeeltes wat wanindrukke betreffende sedelike misdrywe kan laat posvat, asook onregverdige veralgemenings is geskrap – Red*

**N.G. Kerkboekhandel Tvl.**

Vir al u skryfbehoeftes, teologiese en andervoorgeskrewe boeke.

**Tomstraat 98 — Tel: 7401**




**CULPEPER COSMETICS**

Word gereken onder die beste in die wêreld — gemaak van natuurlike olie, geursels en plantekstrakte wat onderskryf word deur die Vereniging van Kruiekenners in Engeland.

*Die volledige reeks is beskikbaar by

**EV'S PLACE**

"Gee en ontvang van geskenke sal nooit weer dieselfde wees nie."

**Kerkstraat 205 (Langs Barclays Bank)**

**guys & dolls**

vat dit kop toe!



Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle!



Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!



Die uwe,

GUYS & DOLLS Tomstr. 82, tel. 8071.

**Huis en Tuin**

Tomstraat 82B — Tel. 4641

*Sê dit met blomme van*

HUIS EN TUIN

Kom ondersteun ons en ons steun julle in julle liefdesake.

Blomme
Ruikers
Plante

Aflewerings gedoen



**Studente** se blommewinkel

Daglig gloeilampe weer beskikbaar

Koshuistradisies

# Overs is propvol tradisies

**IN 1962 is die manskoshuis, Johannes van Rooy, amptelik herdoop na Over de Voor, na aanleiding van 'n watervoor wat dié koshuis van die res van die kampus geskei het.**

'n Onafskeidbare deel van Overs is hul amptelike embleem, 'n leeukop.

Die primarius besit 'n toga wat met amptelike koshuisvergaderings gedra word. Die toga is in 1957 deur Leo van Schaik geskenk en hy het die gebruik soos volg gemotiveer: "As die rektor van die Puk 'n toga kan dra, kan ons primarius ook 'n toga dra".

Bert Kruger-dag is die eerste reëndag na die winter en dan bly almal in die bed. Dié wat dit wel waag om te gaan klasdraf, kan seker wees dat hy met dr. Phibes — oud, bebaard en kaalkop — se sweep te doen sal kry in die duikweg!

'n Mini-intervarsity word sedert 1964 met Taaibos ('n manskoshuis van Tukkies) gehou. Die hoogtepunt is die rugbywedstryd wat reeds elf keer deur Overs en sewe keer deur Taaibos gewen is.

As jy miskien vroeg in die jaar oral strepe vere om jou gewaar, kan jy maar weet dat jy die gevegsterrein betree het waar die eerstejaars van Dawie Dup en Overs in hul tradisionele kussinggeveg betrokke was.

Met die eerste amptelike koshuisvergadering elke jaar word aan verskillende inwoners ministeriële portefeuljes toegesê, waaronder: min van Sand en Woestyne, min van Spanners en Moere, min van Wynbou en Beplanning, min van Jag en Wildbewaring, min van Nie-slepersvereniging en min van Wolkbreuke en stortvloedens.

By dié geleentheid word ook 'n spookbeker uitgeloof. Al kwalifikasie wat nodig is om in aanmerking geneem te word vir die beker is dat die ontvanger daarvan een nag in die tronk moes deurgebring het.

Die stoep en sitkamer is verbode terrein vir eerstejaars. Let wel: Eerstejaars, oftewel dan "manne" en nié "drake" nie!

Om Karnaval te wen, is een van Overs se nuwer toevoegings tot hul tradisies (?).



● *Nee, die Wapad het nie skakeling met internasionale nuusagentskappe nie. Hierdie foto met die Nieu-Seelandse inslag is op eie bodem geneem. Met die wedstryd tussen Oostelike Provinsie en Wes-Transvaal op Olënpark Saterdag 1 Augustus het inwoners van Makouvlei en Liberalia die skare 'n bietjie vermaak deur hul slag met betoging te wys.*

# *Villagers is uitblinkers op ontspanningsgebied*

**VILLAGERS het Saterdag 1 Augustus die pad Johannesburg toe aangedurf vir hulle jaarlikse sportdag met een van Wits se manskoshuise.**

'n Algehele bloedsweet op die gebied van sport is egter geen raak beskrywing van hierdie instelling nie, aangesien die sosiale sy van die geleentheid geensins afgeskeep word nie.

Kyk 'n mens so na die sportuitslae, is die indruk dat Wits oor die algemeen beter gevaar het as Pegasus se volgelinge. Villagers het hulle egter al bewys as ware uitblinkers op ontspanningsgebied en 'n mens kan met reg glo dat die dag ook vir die verloorders suksesvol was.

Die uitslae lyk kortliks soos volg: Villagers kraai koning op die gebiede veerpyltjies en snoeker, terwyl College die afdelings muurbal, tafeltennis en sokker gewen het. Villagers verloor net-net met Rugby waar hulle twee drieë gedruk en vervyf het teenoor die Witskoshuis se drie geslaagde doelskoppe en strafskop. Die eindtelling hier was 8-9 in die guns van College.

# "Jare" feestelik onthef

**DIE eerstejaars van Hombré en Vergeet-my-nie het Vrydagaand hul eerstejaar-titel afgeskud en het Saterdag vir die eerste keer as mede-inwoners van Hombré en Vergeet-my-nie saam met inwoners van Olienhout en Vergeet-my-nie van Tuks sosiaal verkeer.**

Nadat die "Jare" van Vergeet-my-nie gedreig is om elke uur van die Vrydagaand by hul H.K.-lede aan te meld is hulle na die eerste uur onthef.

Vrydagaand het die onthefde eerstejaars van die twee koshuise saam met hul mede-inwoners braaivleis gehou by Hombré.

Saterdagoggend om 5h30 het die twee koshuise na Pretoria vertrek, waar hulle op Tuks verwelkom is deur die dames van Vergeet-my-nie en die mans van Olienhout.

Die dames het tougetrek, sagtebal en netbal gespeel, en tot groot vermaak van die mans ook hul kragte en vernuf op die sokkerveld gemeet.

Saterdagmiddag het Hombré teen Olienhout rugby gespeel, en om nie af te wyk van die gebruiklike, was daar ook betogers — ons eie Vergeet-my-nie dames.

Nadat soveel energie verbruik is, is die innerlike versterk met braaivleis en is die aksie op 'n gebruiklike Tuks-wyse afgesluit.




— Landa Oelofse —

# Eet gereeld gesonde kos

## Die beginsels van gesonde eetgewoontes

EET op vasgestelde tye — die "besige" mense wat nie tyd maak vir gereelde, rustige maaltye nie is dikwels slagoffers van maagsere en wanvoeding.

Begin die dag met 'n ordentlike ontbyt — om die hele oggend op 'n leë maag te werk is soos iemand wat geld uitgee wat hy nie het nie. Wees matig — maak jou skuldig aan uiterstes — en sprankelende gesondheid bly buite jou bereik.

Maak staat op kos as bron van voedingstowwe. Mits genoeg geëet word van 'n verskeidenheid onverfynde voedselsoorte wat korrek berei is, kan aanvaar word dat daar onder normale omstandighede geen gebrek aan enige voedingstof sal wees nie.

'n Swak dieet kan nie met vitamiene of minerale tablette of met nagemaakste voedsels of supplemente reggestel word nie. Onthou daar is nie so iets soos skadelose voedingstowwe nie, net skadelose hoeveelhede. Eet hoofsaaklik tuisbereide voedsel sodat die inname van additiewe wat in die handel gebruik word tot die minimum beperk word.

Sorg dat rou groente en vrugte gereeld 'n deel van u dieet uitmaak.

**Waarom moet tandsiektes voorkom word?**

Tandpyn is onaangenaam en tandkaries is boonop van so 'n aard dat dit pyn veroorsaak eers wanneer dit al ver gevorder is. Behandeling van ver gevorderde tandbederf verg prosedures wat tydrowend en ook baie duur is. Om met 'n mens se eie tande te kan eet, is 'n genot. Hoeveel mense het nie al vergeet hoe heerlik dit is om 'n bros appel, biltong of 'n groenmielie te eet nie. Bewaar dus jou eie tande so goed soos jy kan. Slegte tande en ontsteking in die tandvleis kan oog- en oorinfeksies tot gevolg hê. Skerp hoekies aan tande en 'n kunsgebit wat nie behoorlik pas nie, kan die oorsaak wees van mondkanker.

Uit die skoonheidsoogpunt en vir die ontwikkeling van die persoonlikheid is gesonde goed gevormde tande 'n aanwins.




WESVAAL DIAMANTE

*Verskaffers van juweliersware direk aan die studente teen vervaardigersprYse*

Vervaardig volgens u eie ontwerp indien u so verlang.
Gratis waardasies met elke artikel.
Reparasies en veranderings aan juweliersware.

Ons koop u ou juweliersware.

Frans en Elna Muller

UITSIGARKADE
Verby Volkskas Bank
Tomstraat die Bult
(Langs Bult Droogskoonmakers)
TEL: 5574



DEUR GELD TE SPAAR,



MAAK JY JOU WENSE WAAR.

Spaargeld is die geld wat dit vir jou moontlik maak om môre of oormôre daardie dinge te koop waarvan jy vandag nog net droom.

Volkskas bied jou 'n spaarplan wat vir jou die voordeligste is. Die 5-punt Uniplan van Volkskas kan jou help om te spaar vir jou wense van môre.

UNIPLAN.
JOU VOORDELIGSTE SPAARPLAN.
UNIEK VAN VOLKSKAS.

Volkskas
UNIPLAN

KMP 8414/a



GROOTHANDEL-PRYSE!!

DIAMANT EN SIT DIT IN 'N RING VAN U KEUSE

GROOT VERSKEIDENHEID JUWELIERSWARE



HENNIE KOTZE

CREDO

JUWELIERS/JEWELLERS

LEWIS DEURLOOP ARCADE TEL 2 1685 KERKSTRAAT 133




# Gimnaste vaar goed

**DIE Puk-gimnastiekspan het op die afgelope SAU-kampioenskappe getoon dat hulle 'n span is waarmee rekening gehou moet word. Die damespan het tweede geëindig en die manspan derde.**

Die gimnaste was voorbereid en het goeie plekke behaal. Dit was veral in die hoër grade waar gimnaste soos Chrissie Els, L. Steenkamp en Johan Mouton baie goeie vertonings gelewer het.

In die vierdegraad damesafdeling het E. van der Merwe en R. Marais deelgeneem. In die vierdegraad mansafdeling het F. Botha baie goed gevaar met 'n gemiddeld van 7,95. Hy het onderskeidelik eerste plekke behaal op die vloer, gelykbrug, rekstok, ringe en die beulperd. Hy was ook die totaalwenner van die afdeling.

In die derdegraad damesafdeling het C. Voster en M. Kritzinger deelgeneem. Kritzinger verower 'n tweedeplek hoewel sy die damesbalk gewen het.

In die derdegraad mansafdeling wen T. Snyman die vloer-, brug-, rekstok- en beulperdafdelings. Hy was ook die totaalwenner. Pieter Louw verower 'n derdeplek en lewer 'n prestigevertoning op die spronge waar hy tweede eindig met 8,70. A. Louw was die derde deelnemer.

In die dames tweedegraad neem N. van Wyk die vierde plek in, M. van Tonder die derde plek en A. Pienaar verower die silwer medalje. In die dames eerstegraad verower L. Steenkamp die tweede plek en E. Els die derde plek, met 'n uitstekende sprong waarmee sy 'n punt van 8,40 behaal. In die mans eerstegraad verower J Mouton 'n derde plek.


In die toue en linte afdeling het M. van Tonder, M. Coetzee, S. Geyser en C. Els deelgeneem. C. Els het 'n tweede plek in die toue afdeling gewen. In die hoepels en spanvrye oefeninge eindig die Puk tweede.



*● Johan Mouton is 'n gimnas wat op die Wes-Transvaal kampioenskappe 'n goue medalje verower het. Tydens SAU het hy 'n derde plek behaal.*



*● Chrissie Els wat op die Wes-Transvaal kampioenskappe 'n silwer medalje verower het, en op die SAU het sy 'n derde plek behaal asook 'n tweede plek in die dames toue afdeling.*



*● Die Puk se dames-karatespan wen die SAU kampioenskappe nie net as span nie, maar ook individueel. Die dames wat so op dié gebied uitblink is D. Bosman, M. Holtzhausen, J. Rens en V. Jankowits. Die manspan het tweede geëindig en die span bestaan uit J. de la Rey, R. du Plooy en J. van Tonder. Tydens die Wes-Transvaalse kompetisie wat later gehou is klop die span egter die RAU-span wat hulle 'n tweedeplek op die SAU besorg het.*

# Bult-garage skenk geld


**BULT-GARAGE het 'n bedrag aan die Sportraad toegestaan wat as prys vir interkoshuiskompetisies gebruik kan word. Hierdie geld word pro-rata vir petrolverkope toegestaan.**

Die termyn waarbinne hierdie stelsel funksioneer strek van 1 September 1981 tot 31 Augustus 1982, maar is onderhewig aan 'n proeftydperk tot 31 Augustus 1981.

Bult-garage onderneem om 'n half sent per liter as prys toe te ken aan die Sportraad.

By pompjoggies sal daar vyfrand kontantkaarte beskikbaar wees wat op versoek gegee sal word. 'n Minimum van vyfrand se petrol moet dus op 'n slag ingegooi word om te kwalifiseer vir so 'n kaart. Studente oorhandig hierdie kaarte dan aan hul HK-sport wat dit aan die koshuissportraad sal oorhandig.

Die sportraad beoog om nie net aan die eerste drie mans- en dameskoshuise 'n prys toe te ken nie, maar om dit uit te brei na die eerste vyf of ses mans- en dameskoshuise. Die spesifieke bedrae sal later deur die Koshuissportraad bekend gemaak word.




*● Die pistoolklub het 'n nuwe naam en embleem aan die sportraad vir goedkeuring voorgelê. Die embleem bestaan uit slegs 'n pistool met hul nuwe naam daarop. Hulle hoop om tydens die intervasity met Kovsies reeds met hul nuwe voorkoms te spog.*

# Kortsport

## Gewigoptel

DIE gewigoptel-klub van die Puk behaal 'n algehele tweedeplek op die SAU-gewigoptelkompetisie. Deelnemers was Eugene du Plessis in die afdelings gewigoptel en kragoptel, Willie Coetzee in die afdeling kragoptel en Leon Labuschagne in kragoptel. Leon Labuschagne en Willie Coetzee is genomineer vir erekleure.

## Netbal

Tydens die SAU-kompetisie wat van 6 tot 9 Julie in Bloemfontein plaasgevind het, behaal die Puk 'n tweede plek vanuit die ses universiteite wat ingeskryf het. M. Spoelstra en S. van der Merwe word gekies vir die SAU-span wat teen UOVS wen.

## Hokkie

Die Wes-Transvaalse A-span bestaan uit Shani Hutten, Sanet Barac, Anita de la Porte, Leona van der Merwe en Retha Burger.

Vir die Wes-Transvaalse o.21-span is gekies M. van der Walt as kapteine, D. Swanepoel, R. Coetzee, H. Joubert. Wes-Transvaal B bestaan uit M. Lubbe, M Dorogemuller en M. Coetzee. Op die SAU kampioenskappe behaal dié span 'n algehele sesde plek.

Die manshokkie behaal 'n tiende plek op die SAU.

## Tafeltennis

Tydens die SAU kompetisie eindig dié manspan laaste en die damespan vierde.

## Judo

Gedurende die afgelope SAU kampioenskappe het die PUK-judospan baie goed gevaar. Die mansspan het vir 'n oorwinning gesorg. Die damespan het derde geëindig terwyl Tukkies gewen het.

In die mansspan het P. Kruger en C. Botes albei goue medaljes verower en Bennie Wheeler het twee goue medaljes verower onder die gewigte 78 en 95 kilogram.

In die damespan het H. Kriel 'n silwermedalje en K. Rautenbach twee bronsmedaljes gewen.

## Rugby

Die Puk onder-twintig span wen hul wedstryde teen Natal en Wits. Die punte sien daar as volg uit; Puk teen Natal 15-6, en Puk teen Wits 25-11. Die span verloor egter teen Maties en die telling was 13-7.

# Koerantwerk!

Doen nou by Die Wapad aansoek vir die termyn vanaf September 1981 tot Augustus 1982. Gebruik hierdie vorm en pos dit so gou moontlik in Bussie 13 agter die inligtingshokkie in die studentesentrum of stuur na: Die Administratiewe Bestuurder, Bussie 502, PU vir CHO.

Naam: ..........................................

Adres: ..........................................

Telefoon: ..........................................

Ek stel belang in die volgende:

- **Verslaggewing** (bv sport, kuns, sosiaal, algemene nuus) ☐
- **Fotografie of Spotprenttekenaars** ☐
- **Subwerk** (bv nasien, redigering, bladuitleg) ☐
- **Administrasie** (bv tik, advertensiewerwing, verspreiding) ☐

Onderhoude sal op 8, 9 en 10 September met belangstellendes gevoer word.

Van suksesvolle aansoekers sal verwag word om op Saterdag, 12 September opleiding te ontvang.

**Aansoeke sluit Donderdag 3 September.**

# Sweetpakke kan verander

DIE moontlikheid bestaan dat die Puk-sweetpakke binnekort anders gaan lyk. Daar is 'n voorstel by die sportraad ingedien om die sweetpakke so te verander dat daar 'n groter mate van eenvormigheid onder die verskillende sportklubs sal wees.

Tans is dit die geval dat elke sportklub sy eie kleure het. Met hierdie nuwe sweetpakke sal elke klub instaat wees om sy sportsoort op die sweetpak aan te bring. Dit sal veral tydens intervarsities handig wees, almal sal nog soos Pukke lyk maar hulle sportsoorte sal uitstaan.

# Klubs verloor

Daadwerklike stappe gaan geneem word teen lede van klubs op die Puk wat hulself vir die SAU ingeskryf het en nooit opgedaag het nie. Hierdie is 'n verskynsel wat gestop moet word omdat dit veroorsaak dat klubs verloor terwyl hulle kon wen. Die mense wat hieraan skuldig is sal moontlik voor 'n tugkomitee verskyn.

Intussen moet die klubvoorsitters verslag doen waarom die lede nie opgedaag het nie.